



# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

**GRAAD 12**

**JUNIE 2024**

## REKENINGKUNDE V2 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

### NASIENBEGINSELS:

1. Tensy anders in die nasienriglyne aangedui, is strafpunte vir vreemde items slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenaliserings toegepas nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae vir daardie item verdien het.
3. Tensy anders getoon, ken volpunte toe vir 'n korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat getoon is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die deelpunt toe vir die bewerking van daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). **LET WEL:** As syfers aangedui is in die nasienriglyne vir komponentdele in bewerkings wat nie deelpunte verdien nie, kan die metodepunt van die finale antwoord ook nie toegeken word nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar aangedui in die nasienriglyne, kan deelpunte toegeken word om die verskil in kwaliteit van kandidate se antwoorde te bepunt.
7. Indien kandidate meer as die verlangde aantal antwoorde verskaf, ondersoek alle antwoorde tot voordeel van die kandidaat. Strafpunte kan toegeken word vir vreemde items, indien volpunte toegeken is.
8. Hierdie nasienriglyne is nie vir verspreiding in die publiek nie' omdat sekere items dalk verkeerd gehanteer is. Aanpassings is gemaak a.g.v. sekere vrae se nuanses (konteks).
9. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toegeken word.
10. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toegeken word.
11. 'Bewerking' beteken kontroleer bewerking. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek.  
**LET WEL:** Kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷, wees vlg. kandidaat se bewerkings (indien geldig) of volgens nasienriglyn.
12. In bewerkings, moet nie punte toeken nie vir bewerking as teller en noemer omgeruil is – hierdie is ook op verhoudings van toepassing. Indien een lyn getoon word, aanvaar dit as die teller.
13. Met die toekenning van metodepunte, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat gedeeltelik foutief is nie. Dui aan met 'n ☒.
14. Wees bedag daarop dat party kandidate geldige alternatiewe buite die memorandum verskaf. Neem kennis dat een kommentaar meer as een aspek kan aanspreek.
15. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding

---

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

---

## VRAAG 1

## 1.1 BEGRIPPE

1.1.1	Waar	✓
1.1.2	Onwaar	✓
1.1.3	Onwaar	✓
1.1.4	Waar	✓
1.1.5	Onwaar	✓

5

## 1.2 BANKREKONSILIASIE

## 1.2.1 KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL

BESONDERHEDE VAN DIVERSE REKENING		BEDRAG
<b>TOTAAL</b>	<b>a/b</b>	<b>710 000</b>
Rente op batige bank ✓		240 ✓
Huurinkomste ✓		8 500 ✓
		718 740 <input checked="" type="checkbox"/> *

5

## KONTANTBETALINGSJOERNAAL

BESONDERHEDE VAN DIVERSE REKENING		BEDRAG
<b>TOTAAL</b>	<b>a/b</b>	<b>663 600</b>
Verkope ✓		30 000 ✓
Bankkoste ✓ (1 800 + 510) geen deelpunte nie		2 310 ✓✓
Toerusting ✓		3 600 ✓✓
		699 510 <input checked="" type="checkbox"/> *

9

\*voorlopige totale moet by totale ingesluit word

-1 (maks. 1) vreemde/oortollige items (slegs indien punte elders vir dieselfde bedrag verdien is)

## 1.2.2 Bankrekonsiliasiestaat op 30 Junie 2024

Kt saldo volgens Bankstaat		40 090 ✓
Krediteer laat deposito		27 900 ✓
Debiteur uitstaande EFO nr. 653	3 250 ✓	
Debiteur foutiewe deposito	15 000 ✓	
Krediteer EFO gedupliseer		2 450 ✓
Dt. saldo volgens Bankrekening Balanseringsyfer Dt. of Kt. soos per berekening	52 190 <input checked="" type="checkbox"/>	
-1 (maks. -1) Aanbieding (onvanpaste /geen besonderhede verskaf nie)	70 440 <input checked="" type="checkbox"/> *	70 440

7

\* Totale moet dieselfde wees

1.2.3

**Dit blyk dat dit nie vir Bird Handelaars moontlik sal wees om die uitstaande deposito gedateer 24 Mei 2024, te verhaal nie.**

**Verduidelik EEN punt om 'n moontlike oorsaak van die vermiste deposito te illustreer.**

Enige EEN ✓✓ Aanvaar onvolledige antwoorde vir deelpunte

- Gebrek aan behoorlike interne beheer
- Gebrek aan verdeling van pligte maak dit makliker om bedrieglike aktiwiteite ongemerk uit te voer. [Slegs Geen verdeling van pligte (een punt)]
- Diefstal van kontant deur werknemers met toegang daartoe.
- Swak kontanthanteringsprosedures: Onvoldoende kontroles of prosedures kan daartoe lei dat kontant misplaas word of verlore gaan.
- Onvoldoende toesig of monitering van kontantverwante aktiwiteite

**Verskaf EEN aksie wat teen Sam Sly geneem kan word.**

Enige EEN. ✓✓ Aanvaar onvolledige antwoorde vir deelpunte

- Dissiplinêre verhoor / Regsaksie
- Verhaal uitstaande bedrag van sy salaris
- Skuif Sly na 'n ander afdeling

4

1.3

### KREDITEUREREKONSILIASIE

1.3.1

Nr.	Krediteure-grootboekrekening	Staat ontvang van krediteur
<b>Voorlopige saldo</b>	<b>R174 640</b>	<b>R190 800</b>
(i)	- 13 000 ✓	- 13 000 ✓
(ii)		+ 1 800 ✓✓
(iii)	✓	- 1 600 ✓
(iv)	+ 2 500 ✓	
(v)	- 8 000 ✓✓ (-4 000 – 4 000) 1 punt elk	
(vi)	+ 11 860 ✓✓ (+7 060 + 4 800) 1 punt elk	
(vii)		- 10 000 ✓
<b>Korrekte saldo</b>	168 000 <input checked="" type="checkbox"/> *	168 000

13

Punte toegeken vir korrekte teken met bedrag. Aanvaar die gebruik van hakies vir negatiewe bedrae

\*Bewerking, een deel korrek vir beide totale (hoef nie dieselfde totaal te wees nie)

1.3.2

**Watter raad sal jy die eienaar gee oor die aankoop van goedere deur die besigheid se rekening? Gee EEN punt. Verwys na 'n AARP-beginsel in jou verduideliking.**

Enige geldige verduideliking. ✓

Verwysing na die AARP-beginsel ✓

- Die eienaar moenie die besigheidsrekening vir privaat sake gebruik nie
- Privaat gebruik word altyd as onttrekkings aangeteken.
- Die besigheidsrekening sal onakkuraat wees, en nie die korrekte inligting oor die bedryf van die besigheid weerspieël nie.
- Besigheidsentiteitsbeginsel

2

**VRAAG 1:  
TOTALE PUNTE**

45

## VRAAG 2

## 2.1 BEGRIPPE

2.1.1	B	✓
2.1.2	C	✓
2.1.3	A	✓
2.1.4	E	✓
2.1.5	D	✓

5

## 2.2.1 Bereken die direkte materiaalkoste.

84 800 ✓ + 1 492 500 ✓ + 77 000 ✓ – 1 500 ✓ – 75 200 ✓ = 1 577 600 ✓  
Een deel korrek

6

## 2.2.2 Bereken die fabrieksbokoste.

Voorman se salaris	396 000 ✓
Waardevermindering op fabriekstoerusting	173 120 ✓
Huuruitgawe (214 480 x 5/7)	153 200 ✓✓
Water en elektrisiteit (237 040 x 75%)	177 780 ✓✓
Versekering (69 690 x 2/3)	46 460 ✓✓
Indirekte materiaal (45 200 x 65%)	29 380 ✓✓
	975 940 ✓ Een deel korrek

11

## 2.2.3 Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 31 Mei 2024.

<b>Direkte materiaalkoste</b>	Sien 2.2.1	1 577 600 ✓
Direkte arbeidskoste	Balanserende bedrag: PK – DMK	672 460 ✓
<b>Primêre koste</b>		2 250 060 ✓
Fabrieksbokoste	Sien 2.2.2	975 940 ✓
<b>Totale vervaardigingskoste</b>		3 226 000 ✓
<b>Goedere-in-bewerking (1 Junie 2023)</b>		55 200 ✓
		3 281 200 ✓
Goedere-in-bewerking (31 Mei 2024)		(73 600) ✓
<b>Produksiekoste van voltooide goedere</b> (396 x R8 100)		3 207 600 ✓✓* Een deel korrek

\* Gaan bewerking na; -1 vreemde items, maks. 2

10

## 2.3 BRIGHT BPK.

## 2.3.1 Bereken die gelykbreekpunt vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024.

547 200 twee punte  
 $307\,200 \checkmark + 240\,000 \checkmark$   
 $1\,720 \checkmark - (360 + 510 + 310) \checkmark \checkmark$  Een deel korrek  
 540 drie punte  
 $= 1\,014$  eenhede  $\checkmark$  Een deel korrek (Aanvaar 1 013,3)

6

## 2.3.2 Vergelyk en lewer kommentaar op die gelykbreekpunt en die vlak van produksie vir 2023 en 2024. Haal syfers aan.

Vergelyk BEP met vlak van produksie vir 2024 (met syfers)  $\checkmark \checkmark$   
 Vergelyk syfers vir 2023 en 2024 (met syfers)  $\checkmark \checkmark$   
 Algemene opmerking  $\checkmark \checkmark$  enige aanvaarbare antwoord

- Bright Bpk. het nie in 2024 gelykgebreek nie. Die gelykbreekpunt was 1 014 (Sien 2.3.1) en slegs 960 eenhede is vervaardig en verkoop / verlies gemaak op 54 eenhede.
- In 2023 was die gelykbreekpunt 1 016 en eenhede geproduseer en verkoop was 1 080 / wins gemaak op 64 eenhede / gelykbreekpunt het met slegs 2 eenhede afgeneem, maar eenhede vervaardig en verkoop het in 2024 met 120 eenhede afgeneem.
- Die uitkomst vir 2024 lyk ongunstig. Die produkte is gewild, maar dit is moontlik dat daar baie mededingers is wat 'n invloed kon hê op die aantal eenhede wat verkoop is.

6

## 2.3.3 Verskaf TWEE moontlike redes vir die toename in direkte materiaalkoste per eenheid vir die huidige finansiële jaar en stel TWEE maniere voor waarop dit beheer kan word.

**TWEE REDES:**

Enige TWEE  $\checkmark \checkmark$   $\checkmark \checkmark$

- Diefstal van materiaal weens swak interne beheer
- Grondstof van beter gehalte is gebruik
- Toename in vervoerkoste/brandstofpryse
- Toename in vermorsing / onopgeleide werkers
- Nuwe verskaffers vra hoër pryse

**TWEE VOORSTELLE**

Enige TWEE  $\checkmark$   $\checkmark$

- Verbeter interne beheer om diefstal te voorkom / Monitor produksie
- Soek goedkoper verskaffers / koop plaaslik om op vervoerkoste te bespaar / koop in grootmaat om vir afslag te kwalifiseer
- Lei werkers op om vermorsing tot die minimum te beperk
- Beheer voorraad om tekorte te identifiseer
- Gebruik snypatrone/snymasjiene
- Onderhoud van masjiene
- Gebruik materiaal van beter gehalte / verander verskaffer
- Betaal bonusse vir die vermindering van vermorsing
- Gebruik afval vir verwante produkte

6

VRAAG 2:  
TOTALE PUNTE

50

## VRAAG 3

## 3.1 BEGRIPPE

3.1.1	Geweegde gemiddelde	✓
3.1.2	EIEU	✓
3.1.3	Spesifieke identifikasie	✓

3

## 3.2 VOORRAADWAARDASIE

## 3.2.1 Bereken die waarde van die eindvoorraad deur die EIEU-metode te gebruik.

$$2\,920^* \checkmark \times 480 \checkmark = 1\,401\,600 \checkmark$$

$$960 \checkmark \times 400 \checkmark = \underline{384\,000} \checkmark \text{ Een deel korrek}$$

$$\text{As } 3\,880 - * \text{ van hierbo } 1\,785\,600 \checkmark \text{ Een deel korrek. Gaan bewerking na}$$

**OF: (Kies slegs een metode om te merk)**

(8 049 600 een punt – 384 000 twee punte)

$$768\,000 \checkmark + 7\,665\,600 \checkmark \checkmark \checkmark - 6\,648\,000 \checkmark \checkmark = 1\,785\,600 \checkmark$$

Een deel korrek. Gaan bewerking na

7

## 3.2.2 Bereken die winsopslagpersentasie behaal op kosprys

[8 064 000 – 6 648 000] (twee of niks)

$$\frac{1\,416\,000 \checkmark \checkmark}{6\,648\,000 \checkmark} \times 100 = 21,3\% \checkmark \text{ Aanvaar 21\%}$$

Een deel korrek. Gaan bewerking na  
100 tel nie as een deel korrek nie

4

**Bereken die voorraadhouperiode (in dae) deur die gemiddelde voorraad te gebruik.**

1 276 800 twee punte

$$\frac{\frac{1}{2} \checkmark (768\,000 + 1\,785\,600) \checkmark \text{ (sien 3.2.1)} \times 365}{6\,648\,000 \checkmark}$$

$$= 70 \text{ dae } \checkmark$$

4

## 3.2.3 As die interne ouditeur, verduidelik TWEE punte van kommer, wat verband hou met die winsopslag wat jy sal ondersoek.

Sien 3.2.2 Antwoorde sal van WO afhang

Enige TWEE ✓✓ ✓✓ Deelpunte vir onvolledige antwoorde

Winsopslag behaal is 8,7% (8%) onder die beplande winsopslag.

120 items vermis of gesteel

Te veel opruimingsuitverkopings om van oortollige voorraad ontslae te raak

Verkeerde berekening van winsopslag / verkoopprys

Sal in die toekoms verkoopprijs moet verhoog

Koop in grootmaat / soek goedkoper verskaffer

4

3.2.4

**Bespreek of die eienaar met die voorraadhoudingsperiode tevrede moet wees. (Die voorraadhoudingsperiode vir 2023 was 30 dae.)**

Sien 3.2.2 Antwoorde sal afhang van voorraadhouperiode

Enige TWEE ✓✓ ✓✓ Deelpunte vir onvolledige antwoorde

NEE:

Voorraadtydperk het van 30 dae tot 70 dae toegeneem (sien 3.2.2)

Geld is te lank in voorraad opgesluit

Te veel voorraad

Groter moontlikheid van diefstal van voorraad

Voorraad kan verouderd raak

JA:

Onwaarskynlik dat voorraad sal opraak

Beter pryse wanneer voorraad in grootmaat gekoop word

4

3.2.5

**Thandi Handelaars beplan om 10 sweetpakke aan die plaaslike netbalklub vir 'n komende toernooi te skenk. Die verkoopsbestuurder beweer dat dit 'n vermorsing van geld en verlore wins sal wees. Verduidelik hoekom jy NIE met hom sal SAAMSTEM NIE. Verskaf TWEE punte.**

Enige TWEE geldige punte ✓✓ ✓✓

Belangrik om terug te gee aan gemeenskap wat die besigheid ondersteun

Vorm deel van korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid / trippel slotreël / King Kode

Goeie publisiteit / Dit skep welwillendheid

Dit is belastingaftrekbaar.

4

**VRAAG 3:  
TOTALE PUNTE**

30

**VRAAG 4****4.1 VASTE BATES****4.1.1 Algemene grootboek van Zee Groothandelaars****Bateverkoperekening**

2023 Des	31	Voertuie	132 400 ✓	2023 Des	31	<u>Opgehoopte waardevermindering op Voertuie (86 450 ✓ + 16 550 ☑)</u>	103 000 ✓
		Wins met verkoop van bates	600 ☑ balanserende bedrag			Bank	30 000 ✓
			133 000				133 000
*besonderehede en bedrag moet korrek wees							

6

**4.1.2 Bereken die totale waardevermindering op voertuie vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024.**

$$132\,400 \times 15\% \times 10/12 = 16\,550 \text{ ✓☑}$$

$$1\,932\,400 - 132\,400 = 1\,800\,000 \text{ ✓} \times 15\% = 270\,000 \text{ ☑}$$

$$286\,550 \text{ ☑ Een deel korrek}$$

5

**4.1.3 Bereken die drawaarde van voertuie op 29 Februarie 2024.**

$$[132\,400 - 103\,000] \\ 1\,932\,400 \text{ ✓} - 1\,099\,200 \text{ ✓} - 29\,400 \text{ ☑} - 286\,550 \text{ ☑} = 517\,250 \text{ ☑ Een deel korrek}$$

**OF: Kies EEN opsie om te merk**

$$\text{Kosprys: } 1\,932\,400 - 132\,400 = 1\,800\,000 \text{ ✓☑ Een deel korrek}$$

$$\text{Opg. Wvm: } 1\,099\,200 + 16\,550 - 103\,000 + 270\,000 = 1\,282\,750 \text{ ✓☑ Een deel korrek}$$

$$\text{Drawaarde } 517\,250 \text{ ☑ Een deel korrek}$$

(Wees bewus van alternatiewe aanbiedings.)

5



## 4.2 BESTUUR VAN VASTE BATES

	<b>PROBLEEM (MET SYFERS)</b> EEN punt probleem ✓ ✓ ✓ EEN punt syfer ✓ ✓ ✓	<b>ADVIES</b> EEN punt advies ✓ ✓ ✓
<b>WINKEL 1 (TYALI)</b>	Drukker word oorwerk (140 000 kopieë) Drukker is baie oud / volledig gedepresieer (R1 drawaarde) Hoë onderhoud (R8 000) Vermiste kontant (R72 000)	Drukker moet vervang word Ondersoek vermiste kontant Dissiplinêre aksie Verdeling van pligte
<b>WINKEL 2 (DUMISA)</b>	Ink en verbruiksgoedere wat gebruik word, is hoog (R39 000) Hoë aantal bedorwe kopieë (11 740)	Dumisa benodig opleiding in die gebruik van drukker om bedorwe kopieë en ink en verbruiksgoedere te verminder Herstel drukker indien nodig
<b>WINKEL 3 (ZWENI)</b>	Min kopieë is gemaak / voldoen nie aan kapasiteit nie (40 000) Drukker word onderbenut (40 000/100 000) Beste drukker wat die minste kopieë maak (40 000 vs. 140 000, 100 000)	Adverteer om verkope te verhoog Ruil drukkers met Winkel 1 Betaal Zweni kommissie op verkope in plaas van vaste salaris Maak die winkel toe as ligging ongewens is

9

<b>VRAAG 4:</b>		
<b>TOTALE PUNTE</b>	<b>25</b>	

TOTAAL: 150